# Kranspoort Bulletin

*Uitgawe 7, Oktober 2021*

## *Tema: Lente in kleur.*



Photo by: Mike Lumb



Foto deur: Kiewiet Steyn

## Hoogtepunte in hierdie uitgawe


Johan gesels……Bl: 1

Operasionele verslag: Riolering in Kranspoort… Bl 2

Sekuriteit en Omgwingsake...Bl 4

Brande in die omgewing… bl. 6

Water van die lewe: Whiskey... bl. 7

In die natuur…. Bl.9

Birds of the same feather…. Bl. 12

Kranspoortersprofiel: Cedric en Babs Welman… Bl.14

Kampvuurstories…. bl 15

Pitkos vir die siel…Bl 17

Gesondheidswenke….Bl 19

Sommer ietsie lekker….Bl 20

Fotogallery …. Bl. 21

Advertensieblad…Bl. 26


*Kranspoortkaart en aanwysings … uithaal middelblad!*

# Al die veld is vrolik, al voëltjies sing....

Soos die lente geleidelik arriveer, voel ek hoe daar ‘n verskil in my gemoed plaasvind. Alles begin ligter voel, meer vrede, meer lewe en sommer ook meer hoop. Ek sien dit in die diere, die voëls en ook die plante en dit laat my glimlag. Dit laat almal glimlag.

Kyk net bietjie om jou rond en sien hoe Kranspoort die lente in kleur verwelkom. Die bome stoot nuwe groen blare uit en die veld tooi met spierwit, geel en pienk blomme. Kyk net bietjie boontoe en staan verstom oor die helder blou van die hemeldak.

Dit laat my dink aan kleure! Lentekleure!  Hierdie uitgawe kyk ons dan met gekleurde lense na ons omgewing en ook na die mense.

‘n Hartlike welkom aan al die nuwe inwoners. Ons hoop julle sal vinnig en gemaklik inskakel en die hartklop van Kranspoort beleef. Ek dink ook met weemoed aan die Kranspoorters (en vriende of familie) wat ons oor die afgelope maande aan Covid en verwante siektes verloor het. Julle plekke sal leeg bly, maar ons gedagtes is vol goeie herinnering.

Dankie aan die deelnemers aan die skrywerskompetisie. Die Redaksiespan het besluit om die kompetisie bietjie anders te benader. Die kompetisie is nie meer ‘n enkelgeleentheid nie, maar ‘n jaarlange geleentheid waartydens ons oor die volgende jaar, 2022, in elke uitgawe een wenstorie sal aanwys en publiseer. Dit sal ook gepaardgaan met ‘n R200-erkenningsprys. Lees gerus meer hieroor op bladsy 23. Baie geluk aan Roelf Botha wat met ons sy ervaring met een van Kranspoort se bosvarke deel.

Die Redaksiespan is baie trots om hierdie maand ‘n volledige volkleur kaart van Kranspoort met aanwysing, as uithaal-middelblad aan te bied.

Laastens, baie dankie aan die manne wat so gereeld hul tyd, vaardighede en brawe toewyding aan Kranspoort skenk om ons almal veilig te laat woon. Ek dink spesifiek aan die brandspanne en Opstoppers. Julle is ons Kranspoorthelde.

# KEK nuwe telefoonnommers:

*Kranspoortkantoor (Trisha): 079 886 4260 of 065 721 6817*
*Bystandnommers: 071 255 3774 or 071 749 7994*

*Ander belangrike nommers:*

*Hektoegang – 079 747 5466 (Tap1 vir enkele besoekerstoegang)*
*Ambulans – 064 834 5725/ 061 996 0911*
*Operasionele Bestuurder:  071 882 4866*

# Johan gesels...

Ek skryf hierdie artikel en vrees dat die weer enige oomblik die krag gaan uitslaan. Die lug is vol belofte van ons eerste lentereën. Die blote gedagte aan “stofskoon” bome en paaie, die groen gras wat uit die brand gaan opstaan, maak dat elke blits en donderslag ’n belofte is van iets beter wat op ons wag. Gelukkig het ons reeds die akasias en stinkhout wat al groen is in blaar en die blompere wat ons bederf met hulle skoonheid. Ek kon nooit verstaan hoekom die ouer mense die blompeer so kras beskryf het nie.

Dit bring my by die kwessie van ons rioolstelsel. Of liewer stelsels, aangesien dit elkeen se eie verantwoordelikheid is om na om te sien. Dit help om voorkomend op te tree want die krisis ontstaan altyd op ’n Vrydagmiddag as jy ’n huis vol mense vir die naweek het ...

The recent veld fires and our security kept us vigilant over the past few months. The first fire started west of us and we lost at least 100 hectares of grazing on the plateau. The second one started to the east of us and was stopped before it reached our fences. But over 1500 hectares of our neighbours’ grazing was lost.

We are grateful no immovable property was damaged or lives lost. We are thankful for every volunteer and KOC (Kranspoort owners committee), worker who worked many hours, even after dark, to contain these fires. These volunteers consist of residents, neighbouring farmers and their workers.

The third fire was started by a faulty electrical wall plug in a building adjasent to the house. Luckily it was detected very early by the occupants and apart from some damage to the furniture and walls no serious damage occurred.  Please inspect the installations on your property regularly and be vigilant.

Vervolg op bladsy 3



Foto's deur Hannetjie Kritzinger. (besoek gerus: Kranspoort sightings – Facebook)

# Operasionele verslag (Christo Landman en Rudi Kruger)

## RIOOLTENKS IN KRANSPOORT.

*Ek onthou die tyd, 11 jaar gelede, toe ons hier in Kranspoort gekoop het. Die rioolstelsel was vir my 'n donker, geheimsinnige besigheid, wat soms goed werk en soms jou verwelkom met onwelkome reuke buite en erger nog, binne-in die huis. Rudi lig die sluier so bietjie vir diegene wat, soos ek, nie altyd seker is oor die bou van 'n septiesestelsel nie. – Red.*

Alhoewel dit nie in Kranspoort 'n algemene probleem is nie, is daar wel gevalle waar swak geboude riool- of septiesetenk-stelsels nie na wense funksioneer nie. Hierdie is nie slegs toe te skryf aan swak hantering of verkeerde gebruik nie, maar in die meeste gevalle is die stelsel te klein vir die huishouding.

In Kranspoort, waar ons dorp gegroei het vanaf 'n naweek-wegbreek-plekkie tot 'n aftree-oord, is nou vinnig besig om te ontwikkel in 'n voorkeurdorp. Met ons dorp, wat rustigheid aan permanente inwoners bied, sal die rioleringsprobleem al hoe meer voorkom. Dit moet dus nou aangespreek word.

Min bouers en loodgieters weet genoeg van septiese rioolstelsels om huiseienaars behoorlik te adviseer. Die pragtigste huise word gebou en dan word 'n te klein septiese tenk, amper as 'n nagedagte, ingesit.

Die daaglikse volume uitvloeisel wat die septiese tenk bereik, sal afhang van die grootte van die gesin, die inwoners se gewoontes, of daar gebad of gestort word en of almal elke dag by die huis is of elders werk.

Die minimum grootte van 'n twee-kompartement septiese tenkstelsel, waar die primêre en sekondêre tenks uit 'n een-derde en 'n twee-derde bestaan, moet 'n volume van ten minste 2,520 liter wees soos voorgeskryf. Dit sal genoegsaam wees vir 'n gesin van ses of minder mense.

| | | |
|---|---|---|
| 8 inwoners | 1.1mx2.2mx1.3m diep | 3,146 liter |
| 10 inwoners | 1.1mx2.5mx1.3m diep | 3,575 liter |
| 12 inwoners | 1.2mx2.4mx 1.4m diep | 4,032 liter |
| 16 inwoners tot 20 inwoners | 1.2mx2.6mx1.4m diep | 4,368 liter |

Indien u kombuis oor 'n outomatiese afval-'grinder' beskik moet hierdie volumes met 30% verhoog word. My persoonlike mening is dat hierdie voorgeskrewe volumes vir ons dorp nie genoegsaam is nie, omdat ons vêr buite Middelburg en Groblersdal geleë is. Dienste is nie geredelik beskikbaar nie en is ook duur.

Die skoonmaakmiddels wat in toilette gebruik word, is egter ook 'n belangrike kriteria vir 'n gesonde septiese dreinstelsel. Dit is raadsaam om die korrekte chemikalieë te gebruik, aangesien sommige chemikalieë die natuurlike bakterieë, wat die gesonde werking van die stelsel verseker, sal vernietig.

Rudi Kruger

**Kranspoort Direksie:**

Johan Cross:
Voorsitter
Sel nr. 083 709 0227

Rudi Kruger
Onder-Voorsitter
Sel nr. 083 325 6081

Dries Lategan
Direkteur: Finansies
Sel nr.

Steve J van Rensburg:
Direkteur: Sekuriteit, Gesondheid en Veiligheid.

Dawid van der Walt
Direkteur: Wild en Omgewingsake.
Sel nr. 082 851 8165

Theo Hurter
Direkteur: Heffings en lederegister.
Sel nr. 066 286 3232

Wynand Pretorius
Direkteur : Gholf
Sel nr. 083 279 4272




Foto: Manie Bornman

# Vrae en Antwoorde

**Vraag 1:** Wat is die oplossing met honde en katte in Kranspoort? Veral die honde in Kranspoort raak al hoe meer, terwyl inwoners se frustrasievlakke styg.
**Vraag 2**: Wat is die stand van verandering in Stigtingsvoorwaardes?
Verwys na AJV-notule en vorige kommunikasie.

*KEK Bestuur: Hierdie twee vrae is verwant en sal dus gesamentlik bespreek word. KEK het reeds vroeër die jaar, met behulp van Advokaat P Steyn, 'n aansoek by STLM ingedien vir die verandering en aanpassing van die Stigtingsvoorwaardes. Die Munisipaliteit het ontvangs erken en is tans besig met die verwerking daarvan.*

*Ons sal almal maar bietjie geduld moet beoefen aangesien STLM self veranderinge in bestuur, en ander uitdagings ervaar.*

*Sodra ons die goedkeuring van veranderinge ontvang, sal die Kranspoort stigtingsvoorwaardes en reëls toegepas word. Dit beteken dat alle honde en katte uit Kranspoort verwyder moet word.*

Vraag 3: Ons is nuwe intrekkers en redelik vreemd en oningelig rakende die rioleringstelsel en al die moets en moenies daaromtrent. Wie kan ons meer inligting verskaf?
*Antwoord: Hierdie vraag word breedvoerig beantwoord in die Operasionele verslag op bladsy 2.*

## Johan gesels…… (vervolg van bladsy 1)

Wees asseblief uiters versigtig as u 'n vuur aansteek of u braaivleiskole na 'n paar whiskies in die braaier los. As u aan 'n parkgebied grens, help ons deur 'n strook veld kort te sny en skoon te hou. Dit help in elk geval ook om die slange weg te hou.

Die laaste paar weke het ons nie ernstige misdaadinsidente ervaar nie. Dit is nie bloot toevallig nie. KEK het met behulp van professionele spoorsnyers die toegangsroete van die booswigte opgespoor en met behulp van kameras dit gemonitor. Hulle is gekonfronteer, maar het ongelukkig weggekom. Ons glo dat hulle of hulle metgeselle weer sal probeer en ons berei ons gedurig daarop voor deur beter toegangsbeheer by die hek te ondersoek, heininginspeksies te stap, ekstra wagte van tyd tot tyd aan te stel, om net 'n paar te noem. Wees deel van die Buurtwag in u omgewing en bly deurentyd op u hoede. Moet asseblief nie oorgerus raak nie.

I would prefer to talk about nicer things than sewerage, fires and crime. Things like good food, whisky and nature ... But you can read more about that elsewhere in this incredible publication. This Bulletin is another success story initiated by a resident and nurtured by others in the real Kranspoort tradition.

Geniet u lente, dit is die begin van 'n nuwe siklus. Bly gesond en bly veilig.

Johan Cross


Foto deur: Pieter Kritzinger

# Sekuriteit en Veiligheid in Kranspoort

Saamgestel deur Johan Botha

'n Aantal huisbrake is weer die vorige maande aangemeld. Dit was gedurende tye wat inwoners nie tuis was nie en hoofsaaklik TV's en elektroniese toerusting, juwele, klere, vleis en drank is gesteel. Die verlies van breekskade, herstel en ongerief beloop gewoonlik baie meer aan koste as die gesteelde goedere self.

KEK het buitengewone fondse beskikbaar gestel en bykomende toerusting is bekom en twee Boesman-spoorsnyers vir twee weke snags ontplooi. Na 'n inbraak kon die spoorsnyers 'n nuwe infiltrasieroete identifiseer en die volgende nag is die boewe voorgelê. Hulle kon egter daarin slaag om in die donker deur die bos te ontvlug. Hul spoor is vir etlike kilometer gevolg voordat dit op 'n buurplaas verloor is. Sedertdien is geen verdere insidente aangemeld nie.

Die Sekuriteitskomitee is steeds besig met 'n aantal bykomende inisiatiewe en spoorhonde word ook tans vir ons omstandighede opgelei en getoets.Twee verdagtes wat met vorige sake verbind kan word, is uitgeken en SAPD is tans besig om sake te konsolideer. Die verdagtes het vantevore by verskeie persele in Kranspoort gewerk. 'n Beroep word weereens op inwoners gedoen om werkers wat, om watter rede ookal, uit diens gestel word, op ons beheerstelsel te kanselleer.

Vir meer inligting oor buurtwagstrukture, patrollie- en radiogroepe, kameras, hommeltuig of ander spesialis bydrae, kontak Johan Botha by 0763322773.

# Omgewingsakebestuur:

Saamgestel deur Johan Botha



Die afgelope wintermaande is gewei aan brandbane, heinings, watertoevoere, paaie en daaglikse onderhoud van ons onderskeie wildtroppe. Die nuwe seisoen word met entoesiasme afgewag. Ou en oorskot wild moet nog afgehaal word, indringerplante getakel word en plekke van erosie herstel word.

Einde September is talle nuwe inheemse bome in parkarea's aangeplant as deelname aan ons jarelange boomplantaksie op 24 September. Inwoners word aangemoedig om die inisiatief te ondersteun deur verfraaiing en eie aanplantings op eilande, gemeenskaplike terreine en aangrensende parke.
Sorg moet geneem word deur nuwe bome vir die eerste klompie jare teen wild te beskerm.

Die ou gruisgat word ook gerehabiliteer deur aanplant van bome en grasgewasse wat vir eers met ou dekgras bedek sal word sodra die eerste somerreëns geval het.

Beperkte blokbrande sal ook volgens 'n bestuursplan gedoen word om ougras en indringing van sekelbosse te beheer en plek te maak vir nuwe groei. Vroeg Desember kom ons voetslaanpaaie weer aan die beurt om gereed te wees vir die somervakansie.
Inwoners wat betrokke wil raak by die dag-tot-dag aktiwiteite van Omgewingsake word genooi om kontak te maak met David vd Walt by 0828518165 of met Christo Landman by 0798864260, Algemene Bestuurder.

## Erfenisdag

Saamgestel deur Hester Hattigh





Wanneer Erfenisdag aanbreek, weet ons die somer is om die draai. Ons het verskeie bome aangekoop en party skenkings ontvang. ‘n Spesiale woord van dank aan Bertus van Eeden.
6 soetdorings, 3 bosvaderlandswilge, 4 doppruim en 6 huilboerbone is by die piekniekterrein aangeplant.

Oom Cedric Welman het namens die Veldwagters ‘n huilboerboon geplant. Hy vertel met trots dat, vir die grootste gedeelte van die 22 jaar wat hulle hier woon, hy deel is van die Veldwagters.

Veldwagters sit nie agteroor en geniet hul aftrede nie. Hulle werk hard om indringerspesies uit te roei, genoeg weiding vir ‘n sekere aantal dierespesies per stuk grond te verseker, lyndrade na te gaan en te verseker dat inwoners by die reëls hou om, onder andere, nie rommel te strooi wat baie nadelig vir ons diere is nie, asook om op die uitgemerkte roetes te bly.

Oom Cedric is ‘n kranige stapper hier in Kranspoort en sy oog is vinnig om ongerymdhede raak te sien.
Die soetdoring- en spekboom is die Bome van die jaar en daar is seker gemaak dat genoeg van hierdie spesies hierdie jaar aangeplant word.





Johan Botha en David van der Walt het ‘n groot rol gespeel om die gate gegrawe te kry deur Kranspoort personeel, asook om aktief deel te neem en te help om die bome in die grond te kry.

# Dit brand! Saamgestel deur Johan Botha






*Foto's deur: Joe van der Linde*

Op Donderdag 9 September breek 'n brand by Waterwese se terrein by Loskop Damwal uit. Brandspanne werk deur die nag en Vrydag laatoggend is die brand, sodanig by ons noordwes-grens onder beheer, dat spanne kan onttrek.  'n Uur later begin 'n noordewind waai wat die vuur aanwakker. Vonke en vlamme spring oor ons brandbane en binne minute is die veld op die plato aan die brand.

Brandspanne, vrywilligers en inwoners word opgeroep. Op 'n stadium is tien spanne op vier fronte besig om die vuur te beveg. Huise in Rooi-ivoor en Aalwynsingel word bedreig en rook hang swaar oor die dorp. Af-en-toe draai die wind bietjie en gee stryders kans om veld te wen en waterkarre vol te maak.

Laatnag word die vuur op ons noordelike Limpopogrens teruggedruk en die wind draai gelukkig oos. Die dorp is gered! Maar sowat 100 hektaar weiveld, sowel as die grootste gedeelte van die noordelike buurplaas, is afgebrand. Behalwe heiningskade, seer lywe en rou longe word geen verliese gerapporteer nie.

'n Nabetragtingsessie is gehou om toekomstige optredes verder uit te brei en te verbeter.
Weereens is bewys dat die hele Mootgemeenskap in nood kan saamstaan. Dankie aan almal betrokke. Dit was 'n klompie benoude ure!



Op 27 September het die tweede brand ons bedreig. Hierdie keer vanuit die noord-oostelike rigting, agter Vaalkop. Weereens het ons span opgetrek en deurnag gaan help om die vuur onder beheer te bring. Hierdie brand het gelei tot 1500 hektaar weiding en plaasveld wat vernietig is. 'n Kranspoort buurman het 800 hektaar verloor.

Kranspoort het hierdie keer skotvry afgekom en ons is dankbaar teenoor die Kranspoort-vuurbeheerspan vir hulle harde werk in uiters moeilike, warm en gevaarlike omstandighede.

Daar vind huidig nabetragtings- en strategiese sessies met 'n Brandweer-afvaardiging, asook Landelike Veiligheid plaas.

# KEK Administrasie-kantoor groet Sanet Saamgestel deur Trisha Louwrens



Vir meer as 5 jaar was Sanet die gesig van Kranspoort vir nuwe intrekkers, kontrakteurs en besoekers by ons KEK kantoor, waar sy ontvangs- en administratiewe werk verrig het.  'n Eienaar skryf: 'Thank you, for all your hard work and willingness, with a friendly smile'.  Eienaars en inwoners is dit eens dat Sanet elke besoeker, inwoner of werker, vriendelik en hulpvaardig hanteer het.

Vir die Direksielede was dit veral Sanet se institusionele kennis wat 'n groot aanwins was.  Sy het al die eienaars geken en geweet waar hulle bly, waar hulle vandaan kom en waar hulle werk of

gewerk het. Haar aangename manier om met mense te kommunikeer gaan beslis gemis word, veral wanneer sy soms die buffer tussen die Bestuur, Direksielede en eienaars was.



Haar insae met Kranspoort se aktiwiteite soos die verkoop van die Bulletin, oproepe en geld te ontvang vir die Loskop Marathon, feeste, markdae en al die klubs soos jukskei, voëlkyk, gholf, hengel ens. word opreg waardeer.

Sanet groet: ‘Totsiens sê is nie altyd lekker nie. Vir die 5 jaar wat ek met die eienaars van Kranspoort te doen gehad het, was dit vir my ‘n groot voorreg, plesier en partykeer was daar ook hartseer verhale gewees. Baie dankie vir julle pragtige boodskappe en telefoonoproepe, ek waardeer dit baie. Direksie, Ingrid en Trisha, baie dankie vir die “totsiens-sê-geleentheid” asook, die afskeid van die Kranspoortwerkers. Dit lê my baie na aan die hart’.

Sanet, ons opregte seënwense hiermee vir jou en Dawie op die pad vorentoe.

# Water van die lewe: Whisky

*Saamgestel deur Wanda Underhay*
*Bronne: sinopsis vanuit “Water van die lewe deur Maryke Roberts”- Joernaal No.3,*



Whisky (vanaf die Iers-Gaeliese woorde *uisce beatha* en ook vanaf die Skots-Gaeliese *uisge baugh*, wat albei **water van die lewe** beteken) is 'n alkoholiese drank wat gestook word van graanprodukte, veral mout. Die distillaat word dan verouder in houtbalies waarin dit sy kleur en karakter kry. Hoe langer die veroudering duur, hoe hoër is die gehalte van die eindproduk. Premium-distillate verouder dikwels twaalf of meer jare lank.

Naas die verouderingsproses, word whisky volgens sy geografiese oorsprong en stookmetode gekategoriseer. Die woord whisky word gebruik om te verwys na die drank van Skotse oorsprong of whisky wat in oorsese lande volgens die Skotse metode gestook is (onder meer in Kanada en Japan), terwyl die woord whiskey verwys na die drank as dit volgens die Ierse metode gestook is (naas Ierland self hoofsaaklik in die Verenigde State).

Ierse whiskey, wat van ongeturfde mout gestook en drie keer gedistilleer word, is in die algemeen sagter, met 'n vrugtige profiel. Twee keer gedistilleerde Skotse whisky kry sy karakter onder meer deur torfrook.

## Geskiedenis

Die eerste verwysing na gestookte whisky is in die 13de eeu in China opgeteken. Soos baie ander soorte spiritus het dit sy oorsprong in die medisinale gebruik gehad: salf of stroop hiermee is vir ‘n wye verskeidenheid kwale gebruik. Later is dit as antiseptiese middel vir gewonde soldate in veldslae ingespan.

## Verskil tussen Whisky en Bourbon

Whisky word meestal in Skotland, Ierland, Japan, Kanada en Suid Afrika gemaak, en meestal van gemoute gort, terwyl bourbon van mielies gestook word. Bourbon is whisky wat in Amerika gemaak word.

## Wat beteken die jaartal op die bottel?

Dis hoe lank die jongste whisky in die versnit in die vat verouder het. As jy ‘n vier jaar oue en 12 jaar oue whisky versny, moet die jaartal op die etiket steeds vier wees, ongeag die ratio.



## Gebruik die regte glas.

As jy whisky wil proe, gebruik enige tulpvormige glas wat die aromas konsentreer. As jy whisky wil drink, kies ‘n glas van gesnyde kristal. Die swaar gevoel in jou hand en die weerkaatsing in die glas se ontwerp, laat die kompleksiteit van die drankie tot sy reg kom.
Skink dit teen kamertemperatuur.

## Met eisj….. of nie? En water?

Ys laat die geure toetrek en kongenere (die klein chemiese bestanddele wat aan wyn of spiritus sekere fisiologiese uitwerkings gee) word vasgevang, eerder as vrygestel.

Hoe suiwerder die water, hoe beter. En voeg dit druppelsgewys by tot jy een deel whisky en vier dele water het vir ‘n Mizuwari-skemerkelkie in die Japanse styl.

## So bêre jy jou whisky

Whisky hoef nie op sy kant gestoor te word soos wyn nie. Maar blootstelling aan hitte en sonlig sal die kleur laat verdof. Jy moet ook seker maak die kurk bly klam: draai die bottel gereeld op sy kop om die kurk nat te maak.

## Raklewe van jou Whisky



Whisky het ‘n raklewe van ses maande tot twee jaar, mits dit uit direkte hitte en sonlig gehou word. Maar as die bottel minder as halfvol is, sal oksidasie dit gouer bederf. Drink dit dus maar saam met vriende as jy bekommerd is.

## Gesondheidvoordele

Daar is baie skrywes oor die gesondheidvoordele van whisky, soos dat dit die risiko van hartsiektes, diabetes en beroerte verlaag.
*(Die redaksie maak geen aannames hieroor nie, mits ons die mediese navorsingsdokument – binne konteks- kan voorlê.)*

## Die kleur van Whisky

Alle gedistilleerde alkohol is deurskynend wanneer dit by die stookketel afgetap word. Whisky se kleur kom van die verouderingsproses in die eikehoutvate. Hoe langer die whisky in die vat verouder, hoe donkerder die kleur. Vate word oor die oop vlam geskroei in verskillende grade van intensiteit en elke graad het ‘n invloed op die smaak en hoe vinnig die whisky verkleur.

## Hoe lank moet whisky verouder voor dit verkoop word?

Skotse, Suid Afrikaanse en Ierse whisky moet drie jaar verouder voor dit vrygestel mag word, Bourbon moet ‘n minimum van twee jaar verouder. In Japan is daar nie ‘n voorskrif nie, maar die meeste distilleerders volg die Skotse standaard.

## Whisky en kos.

Die whisky bepaal dit grotendeels, maar oor die algemeen iets met ‘n hoë glutamaat-inhoud: produkte wat die tong bedek, gepekelde of verouderde kos, donker sjokolade en iets met ‘n hoë suurvlak, werk veral goed met turfbog-whisky.

Kos wat lekker werk met whisky, is beleë kaas. Jonger kaas met ‘n rokerige smaak gaan beter saam met speseryagtige moutwhisky, terwyl sagte roomkaas goed pas by ligte, geurige whisky.

Seekos werk ook goed met souterige, spesery-agtige en vrugtige whisky. Probeer gerus ‘n druppel goeie whisky pleks van suurlemoensap of tabasco saam met oesters.

Nagereg met botter of botterryke korsies en baie vrugte is heerlik met whisky.

# In die Natuur: (Kranspoort se bome – deel 4) Bome van die jaar.

Die nommer tussen hakies dui die nasionale nommer van die boom aan.

*Saamgestel deur Wanda Underhay*

## Sweet thorn (Soetdoring) – Acacia karroo (172)





Acacia karroo is an evergreen tree 3-15 m tall, rarely shrubby; bark on trunk dark red-brown to blackish; It is a very hardy, semi-deciduous, fast-growing and drought-resistant tree. Sweet thorn trees grow well in any soil as long as it is well-drained. It thrives in dry, arid soils.

**Bark and Leaves**

Bark is rough, dark, red-brown to blackish. The leaves bipinnate, typical of many legumes, light green, up to 120 mm long and about 50 mm wide, composed of 8-20 pairs of small oblong leaflets.

**Flowers and thorns**

Thorns are paried and straight, conspicuous white in colour, often 10 cm long, sometimes up to 25 cm, occurring especially on the lower branches. Flowers yellow, in round inflorescences 10-15 mm in diameter, in clusters of between four and six, and are sweetly scented.

**Some interesting facts**

Sweet thorn has a symbiotic (mutually beneficial) relationships with species of ants. The plants provide ants with food and a home in their thorns. In exchange, the ants kill bacteria, leaf-eating insects, and competing plants. Some species of acacia form a tasty treat on their seeds.

## Spekboom - Portulacaria afra (104)







Die spekboom (Portulacaria afra) is 'n vetplant met kleinerige blare. is immergroen en word ongeveer 2,5 meter hoog. Die stam, wat tot 20 cm dik word, het 'n kurkagtige voorkoms. Die blare is helder groen, vleserig en eiervormig. Soos die boom ouer word, word die blare gelerig.

**Blomme**

Dit blom in die lente of vroeë somer na goeie reën met stervormige pienk of ligpers dubbelslagtige blomme wat goeie heuning lewer.

**Vrugte**

Die vrugte is klein bessieagtige pienk deurskynende vruggies met drie vlerkies en verlang spoedige reën na vrugval om te ontkiem.

**Interessante feite**

Die spekboom bevorder die gehalte van die lug wat ons inasem en help teen klimaatsverandering.

Die spekboom is waterwys en verg baie min onderhoud. Dis maklik om te kweek, want selfs die blare of stukkies van die plant wat op die grond beland, sal worteltjies maak.

Die spekboom het 'n fotosintetiese meganisme wat die plant toelaat om by verskeie toestande aan te pas en maak dit ongelooflik aanpasbaar en geskik vir enige tuin. In die nat koue maande sal die spekboom fotosintetiseer deur huidmondjies deur die dag te open en koolstof te absorbeer.

Dit is nie ideaal om 'n hele bord spekboom op te eet nie, maar dit is eetbaar en het 'n ligte sitrusagtige smaak.

**Bronne:** Piet van Wyk: *Veldgids tot die bome van die Nasionale Kruger*wildtuin. Wikipedia.org, shamwari.com, feedipedia.org

# In die Natuur: Die jakkalse van Kranspoort.

*Saamgestel deur Wanda Underhay*

## Witkwasjakkals/ Side-striped Jackal (Canis adustus)






Hierdie jakkals is ‘n nagdier, lyk baie soos ‘n hond, en sy kop en lyf lengte is saam tussen 600-800mm. Sy stertlengte is 300-400mm. Skouerhoogte is hulle van 400-500mm en hulle het ‘n massa van 7-12kg. Die witkwasjakkals is skamerig en word selde waargeneem. Die witkwasjakkals is groter as die meer algemene rooijakkals (of silwerrugjakkals).


Hulle het n grys tot liggeel pels en is donker op die rug. Op die sye is swart en wit strepe. Die donker stert het gewoonlik ‘n wit punt en hulle het donkergeel ore.
Die kleur van hierdie minder bekende jakkals is grys tot vaalbruin terwyl die snoet donker is. Soos die naam aandui, het witkwasjakkalse 'n duidelike wit punt op hul stert, wat aan 'n kwas wat in wit verf gedoop is, herinner. Verder het hulle ook 'n kenmerkende wit streep op elke blad. Volwasse witkwasjakkalse het 'n gemiddelde hoogte van 50 cm en weeg gemiddeld 9 kg. Die wyfies is effens kleiner as die mannetjies.

Hulle verkies 'n ruie, waterryke omgewing en vermy droë dele, oop grasvlaktes en bergagtige dele. Die soogdier is sku en hoofsaaklik naglewend. Hierdie jakkalse is karnivore en vreet klein soogdiertjies, grondvoëls, eiers en goggas. (In Kranspoort is waargeneem dat hulle rooiboklammers vang).

Die wyfie is telkens nege weke dragtig, waarna vier tot ses kleintjies gebore word.  Gedurende die teelseisoen bly die paartjies na aan mekaar. Hul is ‘n baie gebiedsgebonde spesie en elke gebied word beheer deur ‘n vaste paartjie en hul jongste werpsel. Werpsels sal uiteindelik versprei en hul eie gebiede vind.

## Black-backed Jackal. / Rooijakkals of Silwerrugjakkals (Canis mesomelas)







The black-backed jackal is a medium sized canine native to eastern and southern Africa. The black-backed jackal is a very ancient species, and has changed little since the Pleistocene,  being the most basal wolf-like canine, alongside the closely related side-striped jackal.

It is a fox-like animal with a reddish brown to tan coat and a black saddle that extends from the shoulders to the base of the tail. The black backed jackal has a reddish-brown coat. The flanks and legs are darker red than the rest of the body. Their underpants are white. Throughout the coat are a mix of silver and black hairs. At the end

of the tail is a black tip. On the back of the ears is a thick patch of yellowish brown fur. Across the majority of the back is the black stripe from which their name is derived. Coming from the sides of the black nose is a white line that runs to halfway round the face.

On the front feet there are 5 toes which the hind feet only have 4.

From the head to the end of the body the black backed jackal measures 96-110cm (38-43in). At the shoulders jackals stand 30-48cm (12-19in) tall. The tail is 26-40cm (10-16in) long).

The black backed jackal is an omnivore. During a study the primary component of their diet was found to be insects. They also feed on rodents, hares, young antelope, carrion, lizards, marine animals, mussels, and snakes.

They are found in savanna, woodlands, arid zones, scrublands, open plains and mountainous habitat. In Kranspoort they are found mostly on the Plato, but do venture into town at night.

A pair of black backed jackals will mate for life living in a pack with their offspring. Throughout May to August mating will take place. During this time they become vocal and territorial, making sure that no other jackals invade their territory.

To give birth the female finds a den. She may dig a tunnel of her own 1 to 2 metres deep. Otherwise she will find an abandoned aardvark burrow which has many entrances allowing for easy escape.

60 days after mating she gives birth to up to 4 pups. Most of the time only 1 to 3 of the pups are raised. The pups are dark brown in colour and blind. The eyes will open at 10 days old. For the first 3 weeks while the pups suckle mum stays in the den the entire time. The dad as well as the older siblings will go out hunting and keep the burrow safe.

After this 3 weeks they can begin to make forays out of the den to explore. At 3 months old they begin to join the parents on hunting trips and at 6 months old they will conduct their first hunt. By 6-8 months old they begin to find their own territory.

By 11 months old they can have their own pups. The pups which will one day become dominant males and females are the first to mature.

**Bronne:** Peter Apps: *Mammals of Southern Africa – a field guide*. Wikipedia.org; southernafrica.co.za

## Jakkals vertrou nie sy eie vrede nie

Op 'n oggend snuffel Jakkals tussen 'n klompie bome rond, toe hy Hoenderhaan op 'n hoë tak gewaar."Môre, my liewe Haan," groet hy vriendelik.

"Môre, Jakkals," groet Haan. "En waar stap jy dié tyd van die oggend nog rond?"

"Ek soek 'n bietjie ordentlike geselskap," sê Jakkals vinnig. "Maar dis nie lekker om so kop in die lug te staan en praat nie. Kom sit liewers hier by my."

"O nee," antwoord Hoenderhaan. "Ek ken jou streke. As ek naby jou kom, eet jy my op."

"Nog nooit nie!" roep Jakkals uit. "Het jy dan nie gehoor nie? Daar is vrede in Afrika onder al die nasies."

"Koe-ke-le-koe!" lag Haan.

"Hoekom lag jy?" vra Jakkals.

"Nee, ek lag sommer vir al jou stories," antwoord Haan. "En dan lag ek vir my eie storie ook."

"Wat se storie is dit?" vra Jakkals.

"Gisteraand het Wildehond my bekruip," vertel Haan. "Toe moes ek die bome in vlug. Nou is Boer met sy honde op pad om my te soek. Ek kan hulle al sien aankom."

"Nou ja, dan groet ek maar eers," sê Jakkals skielik haastig.

"Hoekom wil jy al loop Jakkals?" vra Haan. "Ons gesels nou eers lekker. Jy is tog seker nie bang vir die honde nie. Daar is mos vrede in Afrika."

"O ja,"' antwoord Jakkals, "maar die vraag is of die onnosele honde daarvan weet." En hy draf vinnig weg.



# Birds of the same feather flocking together.

*Saamgestel deur Elsie Cross*



Geveerde Vriende het die afgelope jaar van krag tot krag gegaan en die voëlklub is steeds 'n veer in die hoed van Kranspoort.

We hosted three very successful birding days during the year and the Kranspoort Picnic Area was once again the perfect venue to socialise after our official meetings and bird counts. ("Birds of the same feathers flocking together?"). In 2014 the official number of bird species found in Kranspoort was 111, at the end of 2020 – 225. At present, this number grew to a grand total of 230. The last two species spotted were the Greater Double-collared Sunbird (Groot Rooibandsuikerbekkie) and the Olive Thrush (Olyflyster).

Ons jaarlikse voëlkykvasvra is saam met die voëlkykdag op 21 Augustus 2021 gehou. Gerhard en Miemie Snyman het 'n interessante kopkrapvasvra saamgestel. Vier spanne met drie deelnemers elk, is op 'n lukraak manier saamgestel en veertig vrae later het Rina Venter, Martie Pretorius en Hannetjie Senekal met die louere weggestap. Na die vasvra het een en almal saam gebraai en is bederf met heerlike eetgoed.

Our next meeting is planned for 28 November 2021 to coincide with the annual National Birding Day. This takes place every year on the last Saturday of November. All interested persons are cordially invited to attend the event. Remember our club's goal is to expand everyone's knowledge of our Kranspoort bird species. Novices can gain from the experience of experts.

Die Geveerde Vriende WhatsApp-groep is steeds 'n waardevolle bron van kennisoordrag. Ons is trots op die verantwoordelike gebruik van deelnemers op hierdie sosiale forum. Interessante foto's en nuusbrokkies rondom voëlspesies word gedeel. Dis is dan ook hier waar foto's geplaas word om die waarneem van 'n nuwe spesie in Kranspoort Vakansiedorp te bevestig.

For more information on birding activities or information, please contact Elsie Cross 083 236 5547, crosselsie@gmail.com.

The complete Geveerde Vriende Bird list can be found on the Kranspoort website at www.kranspoortdorp.co.za.

# 'n Een... 'n Twee... 'n Drie! Skof in die baai!!

Saamgestel deur Johan Botha



So het dit weer opgeklink toe ons jukskeiklub na maande van inperking op 4 September 'n opedag kon hou. Vier-en-sestig spelers van heinde-en-ver het saamgetrek om die dag saam te kom geniet. Soos gewoonlik het die klub weer uitgehang en net komplimente ontvang. Elke deelnemer kon ook wegstap met 'n Kranspoorttroffee. Die gewildheid, sukses en uitbreiding van die klub het kleurvol daartoe gelei dat ons fasiliteit binnekort met nog twee bane uitgebrei gaan word.

18 September het die nuwe ligaseisoen vir 2021-22, te Middelburg in aanvang geneem en kon Kranspoort 5 spanne inskryf. Aan die einde van die eerste byeenkoms loop ons klub in 4 afdelings voor en is ook reeds voor op punte in die klubafdeling. Welgedaan en hou so aan.



Alicia Rautenbach in aksie




Vroeg in Oktober open Komatipoortklub nuwe bane in Marlothpark en is 'n klompie van ons spelers ook daarheen uitgenooi.

Inwoners wat meer te wete wil kom of by die klub wil aansluit, word genooi om kontak te maak met Dorothy by 0828728577. Oefentye is Dinsdae en Donderdae om 16:30.

Etenstyd saam met besoekende spelers.

## Gholfnuus *(saamgestel deur Hester Hattingh)*












# Kranspoorters-profiel

Saamgestel deur Hester Hattingh


## CEDRIC EN BABS WELMAN



Cedric Clifford Welman, gebore in 1939 en Susanna Johanna Hattingh, gebore in 1937, ontmoet mekaar in Volksrust in 1961 waar hulle albei onderwysers was. Cedric was by Volksrust Hoërskool en Babs, soos almal haar ken, hou skool by Pionier Laerskool. Hulle het saam eendag moes kransies lê namens hul onderskeie skole by die Republiekfees bo by die Monument op Amajuba en Cedric het galant gevra of hy mag saamstap. Sy het ingestem en noem guitig dat sy dadelik verlief geraak het op sy mooi bene!!

Hulle loop van toe af saam, 'n pad vol wonderlike avonture en opwinding. Hulle word in die huwelik bevestig in 1963 in die Groot Moederkerk in Volksrust deur Babs se neef, Tienie Prinsloo. Uit die huwelik word 2 dogters gebore, Andor in 1966 en Lanie in 1970. Hulle woon in Volksrust tot in 1983 toe Cedric gesekondeer word na Middelburg, Oos-Tranvaal na 'n sentrum waar studente as onderwysers opgelei word. 'n Groot stap vorentoe vir Cedric.

Gedurende hierdie tyd word Cedric uitgedaag om 'n boek te skryf oor "***Die Ontwikkeling van Hooger Onderwijs in die Zuid-Afrikaansche Republiek"*** 'n Projek, wat hy oorspronklik verstaan het oor 10 jaar sou plaasvind, het toe 3 jaar geword! Hulle het aan die werk gespring, Babs het voluit getik bedags en 'n vriendin in die nag. Uiteindelik was die boek van 335 bladsye betyds klaar, 'n monument op sig self!




Gedurende hierdie tyd het Cedric homself ook geroepe gevoel om Teologie te studeer. Hy doen dit deeltyds en met die gradeplegtigheid word hy as Dux Leerling uitgewys!


Babs vertel trots 'n interessante staaltjie van 'n eksamenvraestel wat sy op 'n dag moes skryf en die opskrif was slegs "*Duif agter Glas*" Sy moes daaroor skryf maar het nie geweet wat nie. Terwyl sy 'n stille gebedjie opstuur in die klaskamer, sien sy 'n kransie wat destyds op grafte geplaas is met 'n wit duif in die plastiekblomme binne in 'n glashouer. Sy skryf toe daaroor en was die enigste student wat in die kol was met die antwoord!

Babs is baie lief vir blomme rangskik en menige van haar skeppings het in die kerke gepryk waar sy ook orreliste was.
Cedric het ook op aandrang van die bekende skrywer, Malcolm Pearse, Kilimanjaro uitgeklim!

Die egpaar het in 1999 'n erf in Kranspoort gekoop en in 2000 begin bou. Hulle het al die oorspronklike staproetes saam met Dan en Lettie Jacobs uitgemeet en klippe geverf. Cedric is nog steeds op 82-jarige leeftyd 'n kranige stapper, baie betrokke by die voëlkykers en hou gereeld Sondae dienste vir ons engelssprekende Kranspoorters. Hulle maak beurte by wie se huis dit gehou word.

Die egpaar is vanjaar reeds 22 jaar eienaars te Kranspoort. In die tyd het Cedric ook op die Kranspoortbestuur gedien, was hy die stukrag agter die Loskopmarathon-Kranspoort waterpunt, medestigterslid van die jukskeiklub en jare lank ons Hoofveldwagter. Hy is oor die jare by meer as een geleentheid as "Kranspoorter van die Jaar" vereer.

Ons salueer hierdie twee merkwaardige mense!



# Kampvuurstories

deur Roelf Botha

*Ons is baie opgewonde om die eerste inskrywing van ons skrywerskompetisie hierdie maand te plaas. Roelf Botha is die outeur en vertel in sy eie besonderse styl van 'n gebeurtenis, hier is Kranspoort. Hy wen dan ook met hierdie inskrywing R200.00 as wenner vir die Oktober-uitgawe. – Red.*

*Die kompetisie is egter steeds aan die gang en ons hoop om nog vele stories vanuit die gemeenskap te kry. Lees gerus op bladsy 24 van die kompetisie-riglyne, temas en sluitingsdatums vir inhandiging.*

Ek het grootgeword in die noordelik bosveld wat vandag noordwes is. Reeds vanaf sesjarige ouderdom het my pa my geleer jag, wat insluit: veldkuns, spoorsny, veldoorlewing en alles wat nodig was om vir dae in die natuur te oorleef. Ek is ook geleer om die bos te waardeer en het met verloop van tyd presies geweet hoe om 'n dier te jag en te gebruik, asook diere-maniere en hulle reaksies onder verskillende omstandighede, te herken.

Nou het ek as jong knaap soms my eie planne en idees gemaak. Pa het my vele dinge geleer en baie goeie beginsels in my kop probeer indring, maar jong, Knapie weet mos altyd beter!

Een ding wat Pa my tot vervelens toe vertel het, was dat 'n wilde dier altyd wild sal bly. Moet nie dink jy kan hom mak maak en probeer om hom 'n 'menslikheid' te leer nie. Jy kan saam met jou makgemaakte wildedier leef en 'n vriendskapsband hê, soos Dawid en Jonatan nie kon droom om te hê nie. Maar eendag as jy dit nie verwag nie, dan  het die natuur in Jonatan teruggekeer en dan verbeel hy hom hy is nou 'n Fillistyn en dan kan hy dit mos vir jou moeilik maak, of altemit jou erg seermaak met lewenslange letsels en pyne.

Hier is net  in kort die agtergrond van hoe en wat jy in die natuur kan verwag as jy dalk mag dink jy kan die natuur verander om jou skoen te pas.

Die storie werk so:

Ek en my vrou het 'n paar jaar gelede die boerdery opgegee om hier in Kranspoort te kom aftree. Daar is mos nou nie 'n beter plek om te rus nie, want jy is mos altevol 'n natuurmens en wat is dan nou lekkerder as om die wilde diere te aanskou? Dit kruip so in jou hart en dan wil jy hulle nog pamperlang en kos gee – sommer so uit die hand uit!  Hulle vreet dan nou so lekker en verskaf soveel plesier en genot, sodat hulle soms voor die hek kom lê en wag dat jy iets te ete moet bring. Jou hart gaan uit en kry die stomme dier dan vreeslik jammer en maak jouself glo dat hy dit met die nodige respekte sal waardeer.

Nou het ek die gewoonte om die tuin laat middag te besproei, want dis altevol te warm in die dag, veral in somertyd. Dit kan mos die plante meer skade doen as goed.

Ek het laat een aand nog die pomp laat loop en besluit om dit te gaan afskakel. Die pomp is buite 'n lang heining. Ek loop maar ligvoet,  so in die donker, ook maar bang om nie dalk op 'n slang te trap nie.

Nadat ek dit gedoen het, loop ek sommer so effe om die huis waar 'n hok  met African Grey pappagaaie is. So in die verbygaan praat een van hulle met my, wens my 'n lekker slaap toe. Net daar steek ek vas en dag ek kan mos maar eers ietwat aandag gee, want hy praat dan nou so mooi met my. Dis toe dat ek hom sien. So effe skuins agter my staan 'n bosvark, en ek eien hom as die Jonatan wat elke aand besoek bring om dalk iets te ete te kry. Ons het al ou vriende geword.  Maar vannaand  merk ek dat dit lyk of onheil op sy bakkies sigbaar is! Ek was nog aan die dink oor my pa en sy storie oor wildediere en hulle natuur, toe kom hy vir my. Voor ek nog iets kan doen, toe skep by my!  Ek trek opwaarts deur die lug  soos Naas Botha se beste skepskop pale toe.

Ek dag nog ek vat-vat aan die dwarslat van die pale, toe is dit die dak van die voëlhok. Die sinkplate lê teen ‘n 45 grade hoek en gee nie naasteby genoeg vatplek nie. Die enigste rigting vir my is af, terug grond toe. ‘n Mens se verstand werk vinnig, veral as jy in nood verkeer. Ek hou my voete teen mekaar met die afkomslag en dis net daar waar ek en die vark mekaar weer ontmoet. My voete slaan ‘vark-se-kind’ presies op sy skof. Ek is maar lig in gewig, maar in die proses met die slag wat ek hom tref, wou dit voorkom of die vark se knieë knak. Ou Jonatan herstel egter bo verwagting vinnig en voor sy knieë mooi grondvat, skep hy my ‘n tweede keer. Ek dink nog: “hopelik, met geluk, vlieg ek darem nie te hoog oor die pale nie”.

Ek kry my vat aan die draad van die voëlhok, maar dié sny deur my vingers soos die ou-tydse Menora skeermeslemme. Ek besef toe my enigste kans is om vir die tralies tussen my en die vark te spring! Hierdie tralie is ‘n afskorting tussen die stoep en die voëlhok, waar ek nou is.

Vinnig maak ek ‘n berekening en sien dat ek so in die omgewing van een en ‘n halwe meter moet spring, maar spring kan ek mos nie net spring nie. Jy moet vasgtrapplek hê vir jou voete en dan kan jou bene mos hulle werk doen.

Met my vinnige somme het ek iets nagelaat……

Met al my krag hys ek myself teen die draad op, om my voete die nodige vastrapplek te gee, maar my vingers voel asof die Minora tot teen die been gesny het. Dit voel asof dit nog net die senings is wat dit nog aanmekaar hou.

Hoe dit ookal sy! Dis nou of nooit….en ek trap vas, los met my hand, skop met my bene en daar trek ek!

Wat ek toe nooit in berekening gebring het nie, is dat die vastrapplek nie ‘n soliede oppervlak is nie en ek dink nog ek spring, toe soek die draad pad sy eie rigting en gee mee. Ek trek wel deur die lug in die rigting van die tralies wat skuins agter my is, maar ek besef ook dat ek so in die omgewing van ‘n halwe meter gaan kort.

Wat toe ook so is!

Ek ontmoet die aarde tussen die tralies en die vark. Daar was egter nog nie eens een sandkorrel uit sy plek gewees nie, toe trek ek weer die lug in, soos ‘n wafferse koeël uit ‘n Hendri Martini!

Met adrenalien wat toe op sy hoogste is, trap ek vas – waar ek daardie vastrapplek gekry het, weet ek tot vandag toe nie, ook nie of dit dalk die vark was wat my weer geskep het nie. Al wat ek weet is dat ek oppad tralies toe was. Al wat ek nou moes doen, was om die tralies so in die verbygaan te gryp.

Ek trek en gryp wild na die tralies, maar die tralies is nie daar nie!

In my nood besef ek dat ek so halflyf bokant die tralies vatplek soek en ek gee sommer lyf tralie-kant toe. Ek wonder ook waar die vark homself nou sou bevind. Tot my redding val ek agter die tralie en maak hard kennis met die teëls van die stoep, voel eintlik of ek sommer ‘n gat deur hulle val en ek bly sommer lê, net om seker te maak dat daar nie altevol ‘n been of iets gebreek het nie.

Ek het so hier en daar gevoel, maar alles wil voorkom of dit nog in plek is. Ek het stadig orent gekom. My eerste gedagte is natuurlik in die rigting van die vark – my wilde vriend Jonatan! En wat sal ek sien?

Die vark lê op sy pens, voorpote uitgestrek na voor en onderkaak rustend op sy voorpote. Versigtig bekyk ek die vark en kon sweer dit lyk of jy nog ‘n ‘smile’ op sy gevreet het.

Ek staan nog so en wonder oor ou Jonatan wat sy lyf so Fillistyn gehou het en hoor weer hoe my pa my waarsku teen wilde diere, toe kom die vrou by die deur uit.

“Vir wat skree jy soos ‘n maer vark en dan knoop jy ook nog tussenin”, raas sy met my. “Die bure sal dink jy word aangeval. Moet nie net daar staan nie, gee liewer vir die vark wat daar lê iets om te eet – kyk net hoe mooi vra hy.”

# Pitkos vir die siel *deur Trisha Louwrens*

Ek ontvang toe 'n tyd gelede drie orgideë-plantjies as afskeidgeskenke en probeer my bes om hartlik dankie te sê, terwyl my verstand weet dié plantjies gaan vrek! Ek onthou die arme goudvissie wat ek op laerskool vir nie té lank aan die lewe kon hou nie. Op hoërskool moes ek *verantwoordelikheid* leer en kry 'n voiletplantjie. *Sadly* het hy dit ook nie gemaak nie. Ek vermoed dit is omdat ek hom een dag versuip met 'n half liter water en 'n ander dag besprinkel ek hom met die laaste sluk water in die bottel.

Ek besluit opnuut om my beste te gee om dié drie plantjies aan die lewe te hou. Na byna 10 maande is ek so opgewonde dat al drie steeds leef, nee, hulle leef nie net nie, hulle groei!!
Elkeen is besig om hul eerste blomme te stoot. Genoeg lig, nie té veel skuif nie en gereeld, genoeg water, maar nie té veel nie. Dit is 'n fyn balans…
.
Is dit nie hoe ons ander mense laat blom nie?

Toe ons in die dorp of stad gewoon het, was die hoë heinings amper 'n plek van veiligheid. Met tyd het ons verleer om met ons buurman oor die draad te kuier; kinders verleer om vir mekaar bal te skop. Met geen heinings in Kranspoort voel ons, veral aan die begin, redelik blootgestel. Maar dit skep ook die geleentheid om met 'n *lemonade* oor te stap; 'ek hoor julle is siek'; 'jong daardie buitelig skyn helder in my kamer'; 'die kinders kom kuier, ons gaan bietjie raas, maar nie tot laat nie'.
'n *Fussy* buurman storie was onlangs op die Algemene WA groep te lese. 'n Buurman vra verskoning omdat sý buurman sy opmerking meer persoonlik opgeneem het as wat hy bedoel het. Die opvolg boodskap lees *Apology accepted!* Dit hoef natuurlik nie altyd openbaar gemaak te word nie, maar hierdie is 'n voorbeeld dat dit 'mooi' gedoen kan word. Goeie verhoudinge neem buurmanskap na die volgende vlak van *bier*manne natuurlik!

Die Kranspoort vrinne wat Covid beleef het, kan nie uitgepraat raak oor die ondersteuning wat hulle ontvang het tydens hierdie beproewing nie.

My beste van buurmanskap is daardie Kranspoort-groet wanneer voertuie mekaar verby gaan in Kranspoortrylaan. Al skyn die son in jou oë en jy nie weet wie jy groet nie, laat daardie vyf vingers my tuis voel.

Soos met die plantjies maak gereelde, regte hoeveelheid aandag; nie té veel nie, 'n buurman *blom* en dit is die wonder van *groei* wat ons nader aan die Skepping bring.

## DIE BESTE

GEIL LUSERN IN DIE LAAGSTE LANDJIE, GEIL GROEN BLARE EN BLOMME BLOU;
AALWYN ROOI OP DIE VOORSTE RANDJIE, ROOI SOOS BLOED TEEN DIE ROTSE GROU;
SOMER EN SON EN SAFFIER DAARBOWE, RUIK VAN DIE KEURBOS RONDGESPREI;
KORT KLEIN SKADUWEES OOR DIE KLOWE; SOMER EN SON EN SAFFIER VIR MY !
WONDER VAN KLEURE UITGESPREI – WAT IS DAAR MEER DIE DOOD TE ROWE ?
SOMER EN SON EN SAFFIER VIR MY !

C. LOUIS LEIPOLDT

# Kwêvoël (met sy tong in die kies)



Saamgestel deur die Kwêvoël

Hier is ek ook alweer....

Ek sien daar op die hoek van die hoofpad en een van die voëlstrate het iemand 'n bordjie gehang wat sê "Vreet verbode"! Wat 'n cheek!!! Waar moet ons voëltjies dan kos kry? Ek is sommer lus en kry swerms van my maters om op daardie huis toe te sak.

Ek skrik nou die dag my vere regop. Ek dog my koppie is besig om my te los, want hier is dan twee huise met die naam Rondommooi! Amper gedink ek het verdwaal.



Op daardie noot, hier is darem huise met baie interessante name. Ek sien hier is 'n Bosnessie, Stukkie Bosveld, Warthog's Nest, Oribi Gorgeous, Fraaie Uitzicht en nog vele meer. Die mense het darem goeie verbeeldings.

Ai tog, maar die mensekinders kan stry! Om te spuit of nie te spuit nie, (alla Shakespeare), dit is die groot vraag. Ons hoor vreeslike stories soos dat die vliegtuie die virus oor die mense sprei. Hêhêhê. En dat die wat die groot stap geneem het almal oor drie jaar die tydelike met die ewige gaan verwissel! Ek hoor nou die dag dat van die mensekinders sê hulle gaan baie skuld maak en baie rondloop voor die vreeslike dag.



Een van ons omies, wat ek dink nie geld het vir petrol nie, het mos weer kilometers daar in die dorre Karoo gaan stap. Hy is na 'n lang ruk toe stert tussen die bene terug by die huis, seer bene en voete en al.

Ons geveerdes hou saam duim vas dat hier binnekort bietjie reën sal val. Almal van ons verstik in die stof. Hopelik word die blokkiespad voltooi een van die dae.



Julle twee beniges wat nie kan wegvlieg nie, moet maar versigtig wees. Die koudbloedige, seilende gediertes is wakker. Ek hoor daar was 'n likkewaan onder iemand se bed. 'n Groot gesukkel om die ding uit te kry, en dan los hy nog vir jou 'n briefie ook op die vloer.
Ruik glad nie lekker nie...

Eers het ons almal gekla oor die koue en noudat ons weer voel hoe lekker warm dit hier word, wag ons vir die mense wat gaan kla oor die hitte. En dit terwyl hulle in hulle kaia's sit!



Ek sien ook hoe die mensekinders ons mooi plek kan bemors. Oral lê bottels en blikke en sigaretstompies rond. Gelukkig tel van die klomp wat so rondloop baie goed op.

Die dae van julle laatslapers is ook verby! Hoe vroeër die son opkom hoe vroeër is ons geveerdes wakker en dan gesels ons die wêreld aan die brand. Die een van ons wat so 'spook-spook' die hele tyd, irriteer glo die wit waks uit party mense uit. Dis maar ons manier....dalk kry ons die rasers bietjie terug. Sekere Inkommers kom hou mos groot partytjies hier in die bos en hou almal uit die slaap uit. So ietsie van 'tit for tat'.

Julle moet oppas, ek hou julle dop! En my ore kan 'n radiostasie opvang...

# Gesondheidswenke

Saamgestel deur Hester Hattingh

*Desember vakansie is om die draai en ons sal almal tyd saam met familie en vriende deel. Hester het vir ons gaan navorsing doen oor hoe om mediese noodsituasies te hanteer met produkte wat jy in jou huis het. Sy het ook 'n basiese lysie saamgestel met essensiële noodvoorraad om in jou huis en karavaan aan te hou of in te pak vir vakansie. -Red.*

| | |
|---|---|
| n Goeie probiotika vir jou maag: | Suurkool "sauerkraut |
| Vir Sooibrand | drink suurlemoensap in 'n bietjie water met 'n bietjie koeksoda |
| Stop bloeding van klein snytjies | Sit 'n halwe rou ui daarop. |
| Bysteek | Smeer Handy-Andy daaraan. (Asyn en selfs tandepasta sal ook help) |
| Perdeby- of Skerpioensteek | Halwe rou ui -vryf aangetaste deel daarmee in. (of asyn) |
| sonbrand | Koue jogurt help asook 1 teelepel olyfolie gemeng met eierwit |
| Vir 'n ligte brandwond by die stoof | Vryf deurgesnyde rou aartappel op die wond |
| Nierfunksie probleme | Seldery, help vir pofferigheid en reinig die liggaam van gifstowwe |
| 'n Splintertjie wat te diep sit | Kan uitgetrek word deur 'n mengsel van Engelse sout en petroleumjellie op die plek te smeer en 'n hegpleister daarop te plak. |

**<u>Basiese Medisynekassie</u>**

| | |
|---|---|
| Pynstillers | Koeksoda |
| Ontsmettingsmiddel | Petroliumjellie |
| Watte | Verkouemedisyne |
| 'n Pak steriele watte | Antihistamien |
| Middel teen sooibrand | Hoesmiddel |
| Elektroliete | Aptekers alkohol |
| Medisyne vir diarree | Medisynelepel |
| Salf vir jeukende vel (Allergex salf werk goed) | Middel teen naarheid |
| Lakseermiddel | Sonbrandmiddel |
| Salf vir insekbyte | Termometer |
| | Hittepak en yspak in yskas |

Koop 'n basiese noodhulpkissie en plak 'n lys van die inhoud in die deksel. Gaan gereeld na of die kissie nog volledig is en of van die items reeds verval het. Vervang indien nodig.

# Sommer ietsie vir die pret!

## Toets jou algemene kennis.....

1. Hoeveel provinsiale hoofstede het Suid Afrika?
2. In watter buurland van Suid Afrika is die Katsedam?
3. Watter land se lugdiens het die naam Qantas?
4. Hoeveel vinne wat soos pote lyk, het die vis wat bekend staan as die selakant?
5. Waarvoor staan die “s” in die afkorting DNS?
6. Watter vroulike insek veroorsaak elke jaar meer as twee miljoen mense se dood?
7. Uit watter gas bestaan meer as driekwart van die lug in die atmosfeer?
8. Watter kleur is die agtergrond van die Verenigde Nasies se vlag?
9. Op watter skiereiland is Saoedi-Arabië die grootste land?
10. Watter voël het net twee tone aan elke poot?

*Bron: Joenaal tydskrif, Lente uitgawe, 2021*

## Sudoku

Voltooi die sudoku deur die syfers 1-9 in te vul sonder om enige syfer te herhaal in ‘n ry, kolom of vierkant.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 5 | | 1 | | | 7 | 3 | |
| | | 8 | | | 4 | 5 | | 6 |
| | 2 | | | | 5 | | | 1 |
| | | | 9 | | | | 8 | |
| | | 7 | | 4 | | 6 | | |
| | 8 | | | | 7 | | | |
| 8 | | | 3 | | | | 6 | |
| 1 | | 5 | 4 | | | 3 | | |
| | 4 | 6 | | | 2 | | 7 | |

## Kranspoort Woordsoek

Ontsyfer die leidrade en soek en omkring die woorde in die raaiselblok
Woorde kan horisontaal, vertikaal of diagonaal wees. Alle antwoorde is verwant aan Kranspoort en meeste sal in in die Bulletin gekry van word.

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | O | O | I | I | V | O | O | R | W | O | U | D | W |
| O | P | A | U | H | L | S | D | L | F | U | U | G | Q |
| O | I | V | H | R | A | R | E | A | E | W | E | R | D |
| I | E | B | R | W | B | R | A | N | D | B | E | R | G |
| B | T | K | K | R | T | A | G | G | B | A | Q | D | E |
| O | O | T | | V | A | A | L | K | O | P | V | Q | S |
| K | I | E | P | E | R | S | O | L | K | L | O | O | F |
| W | S | D | H | J | K | B | T | O | H | A | K | L | L |
| A | S | C | C | M | D | L | I | O | I | T | P | O | O |
| S | F | S | R | O | A | A | Q | F | W | O | J | F | G |
| X | D | X | A | O | A | A | H | O | E | E | F | B | H |
| D | F | R | G | B | S | R | U | B | D | H | H | E | G |
| A | F | S | E | K | G | S | A | S | D | G | E | R | H |
| K | O | S | I | E | F | A | S | H | J | Y | R | G | D |
| F | E | H | D | P | E | A | D | G | R | H | E | W | H |
| S | F | T | H | S | G | L | U | I | S | L | A | N | G |

### Leidrade

Vorige KEK voorsitter se voornaam
Huidige KEK voorsitter se van
Kop in suide met ‘n kruis bo-op die piek
Naam van kloof waar ‘n kettingleer gebruik kan word om die roete te volg
Die plat area bo-op die berg aan die westekant van die dorp
Kloof se naam Noord-oos van die Plante dorpsgebied
Naam van die woud wat tussen die Kranspoortdam en Olofberg gevind kan word.
Boksoort wat die meeste in Kranspoort voorkom
Naam van die saal waar al Kranspoort se funksies gehou word.
Boom van die jaar
Grootste van die twee jakkals-soorte wat in Kranspoort voorkom.
Wie se pad lei na die Gruisgat?
Naam van wildroete noord van die Plato
Naam van dammetjie in Voëlstrate, oppad na Jopie-se-pos.
Naam van berg noord van Kranspoortdam.

*Oplossings op bladsy 24*

# Foto-gallery


Foto deur Edith


Foto deur Adriaan Meintjies


Foto deur Cea du Plooy


Foto deur: Alwyn Kruger


Foto deur: Alwyn Kruger




Foto deur: Anmar Scheepers


Foto deur: Anmar Scheepers


Foto deur: Deon Taljaard

# Foto-gallery



Foto deur: Benita Myburgh



Foto deur: Marita Hamman




Foto deur: Marita Hamman

# Foto-gallery



Foto deur: Alwyn Kruger




Foto deur: Adriaan Meintjies



Foto deur: Marita Hamman




Foto deur: Anmar Scheepers



Foto deur: Benita Myburgh


## Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier: Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon: 082 941 5051

Verslaggewers:
Elsabe Strydom - 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728
Trisha Louwrens – 072 476 7947

Proeflesers
Johan Botha
Erna Ruthvin


## Advertensies

Drie groottes is beskikbaar:

8cm X 8cm ( min of meer 1/6 van A4 bladsy) - R70.00
8Cm X 13cm ( in of meer ¼ van A4 bladsy) - R100.00
16cm X 13cm ( min of meer ½ van A4 bladsy) - R200.00

Kontakpersone
Kranspoort interne advertensies – Wanda Underhay
Eksterne besigheidsadvertensies – Trisha Louwrens

# Skrywers-kompetisie

Elkeen het 'n storie om te vertel, en almal wil graag daardie storie hoor. Vanaf hierdie uitgawe tot Oktober 2022 sal ons die wenstorie van die kwartaal publiseer. Nou het jy die geleentheid om jou storie, of dalk twee of drie korter stories, saamgevat onder een titel, op skrif te stel. Stuur dit in en staan 'n kans om jou storie in die Bulletin gepubliseer kry. Moet nie hierdie geleentheid misloop nie.

Alle Kranspoorters (inwoners en eienaars) is welkom om deel te neem.

Reëls

1. Skrywer moet 'n eienaar of inwoner van Kranspoort wees.
2. Stories moet tussen 1000 en 4000 woorde lank wees.
3. Verskeie korter stories mag een lang item opmaak.
4. Werk moet verkieslik elektronies ingehandig word, maar handgeskrewe stories sal ook aanvaar word.
5. Werk word beoordeel op grond van die inhoud, interessantheid van die storie en die vertelling daarvan. m.a.w. skryfstyl (of dit lekker lees).
6. Geen kru-taal of onsmaaklike skrywe sal aanvaar word nie, maar goeie Afrikaanse tong-in-die-kies humor sal aanvaar word.
7. Voor plasing sal skryfwerk geredigeer word om goeie taalgebruik, spelling, ens. te verseker,
8. Foto's sal 'n aanwins wees.
9. Slegs een tema per inskrywing.

Temas:

1. Uit my Kinderdae of soos Pa en Ma of Oupa en Ouma vertel het
2. 'n Kampvuur Bangmaakstorie
3. Natuur- en Dierestories of stories uit die natuur (eie ervarings).
4. Humor tydens vakansie (Daardie snaakse ondervindings wat net gedurende vakansie gebeur)

**Kom ons kyk hoeveel skryftalent het die Kranspoorters!!!!**

**PRYS: R200,00 vir die weninskrywing per uitgawe**.

Stuur jou inskrywing na:
Hester Hattingh(066 270 7728) of kobushat@ctecg.co.za
Wanda Underhay (0829415051) of wandaunderhay@gmail.com

## Sommer vir die pret – Oplossings (bladsy 19)

Algemene kennis vasvrae.

1. Nege
2. Lesotho
3. Australië
4. Vier
5. Suur (DNS – deoksiribonkleïensuur)
6. Muskiet
7. Stikstof (N)
8. Ligblou
9. Arabiese Skiereiland
10. Volstruis

Sudoku

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 5 | 4 | 1 | 8 | 9 | 7 | 3 | 2 |
| 7 | 1 | 8 | 2 | 3 | 4 | 5 | 9 | 6 |
| 9 | 2 | 3 | 7 | 6 | 5 | 8 | 4 | 1 |
| 5 | 6 | 1 | 9 | 2 | 3 | 4 | 8 | 7 |
| 2 | 3 | 7 | 5 | 4 | 8 | 6 | 1 | 9 |
| 4 | 8 | 9 | 6 | 1 | 7 | 2 | 5 | 3 |
| 8 | 7 | 2 | 3 | 5 | 1 | 9 | 6 | 4 |
| 1 | 9 | 5 | 4 | 7 | 6 | 3 | 2 | 8 |
| 3 | 4 | 6 | 8 | 9 | 2 | 1 | 7 | 5 |

Kranspoort woordsoek

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | O | O | I | I | V | O | O | R | W | O | U | D | |
| O | P | | | | | S | | L | | | | | |
| O | I | | | | A | | | A | | | | | |
| I | E | | | W | B | R | A | N | D | B | E | R | G |
| B | T | | K | | | A | | G | | | | | |
| O | | T | | V | A | A | L | K | O | P | | | |
| K | I | E | P | E | R | S | O | L | K | L | O | O | F |
| W | | | | | | B | | O | | A | | L | |
| | | C | | M | | L | | O | | T | | O | |
| | | | R | O | | A | | F | | O | | F | |
| | | | | O | | A | | O | | | | B | |
| | | | | B | S | R | | | | | | E | |
| | | | | K | | S | | | | | | R | |
| K | O | S | I | E | | A | | | | | | G | |
| | | | | P | | A | | | | | | | |
| | | | | S | | L | U | I | S | L | A | N | G |

# Advertensieblad



**Bioway
Multi insect
&
Dustmite killer**




---

*Kranspoorters,*

*Teen die tyd weet meeste van julle al van BIOWAY MULTI INSECT AND DUSTMITE KILLER. Hier is meer inligting daaroor:*

Dis ‘n produk wat GEEN gif bevat wat diere of voëls of mense kan skade aandoen nie, gebruik selfs op plante en jouself ook. Dis langwerkend: nuwe gebruikers spuit dit 1 x pw vir 3 weke na mekaar, daarna is dit eers weer nodig 3-4 maande later. Produk trek in oppervlaktes in soos bv teëlvloere en bly aktief selfs na vloere gewas is. Gebruik op klere in kaste, beddegoed, stoffering, matrasse, matte, gordyne en selfs in koskaste. Dis die enigste produk wat stofmyt doodmaak wat vir sinus en asma verantwoordelik is. Karoo skaapboere gebruik dit op hul skape wat brandsiek kry agv myte. Produk is reukloos en vlek nie materiale of meubels nie. Na die reën en hittegolwe gaan ons nou behoorlik las hê met insekte, so julle is welkom om my te kontak as julle belangstel om aan te koop.

Ansie van Rensburg - Elandsingel 358




---

Kranspoort dames!

Kom sluit gerus by ons oefenklas aan, Dinsdae en Donderdae in Raasblaar saal. Wintertyd 9:00 - 10:00. Slegs R200 pm vooruitbetaalbaar voor die 7e van elke maand. Ons het n wye verskeidenheid oefeninge, bv Joga, Kallenetics, Pilatus, balle, gewiggies, stokke en rekke. Geen vervelige klas nie! Alle ouderdomme en groottes is welkom. Groete Ansie van Rensburg


KWEKERY • KOFFIEKROEG
CURIO WINKEL
OORNAG FASILITEITE
MOSSIENES
KWEKERY
Kwekery
Die beste pryse in die vallei !!
Verskeidenheid van plante en bome.
Curio winkel
Geskenke vir jonk en oud
071 691 2190
079 219 2216
mossienesloskop@gmail.com


Jou vriendelike verskaffer oorkant die straat. Tuisgebak, Wildvleis, Braaivleis, kruideniersware. Ons maak gasbottels vol.
Kom probeer gerus ons koeksisters en tuisgebakte pastei.
OPI STOEP SUPERMARK
Opi Stoep Supermark
Work hours :
Monday - Friday : 06:00 - 18:00
Saturday: 06:00 - 17:00
Sunday : 08:00 – 13:00


FOURIE BOU EN ONDERHOUD (PTY) LTD
CIPC Reg: 2019/199398/07
Kobus Fourie
079 500 1741


Diana's
BULBINELLA
Die room waaroor almal praat
Oktober Spesiale Aanbod
R60 R50 vir 50g
R110 R90 vir 100g
R300 R240 vir 500g
Sukkel jy met een van die volgende: aambeie, aknee, anti-aging, arthritis, atleetvoete, bedsere, bloukolle, brandwonde, cradle cap, diabetiese sere, eelte, ekseem, gordelroos, insekbyte, spinnekopbyte, koorsblare, omlope, pigmentasie, pitswere, psoriasis, snye, sonbrand, spataar-sere, vaginale infeksie, veluitslag of wintershande
Bulbinella Room is die antwoord
Skakel Erna 082 521 3275 vir meer inligting.
Agent vir Kranspoort, Groblersdal & Marble Hall


Le Shank Kitchen @
Kranspoort Golfclub
Business Hours:
Tuesdays till Fridays - 09:00 - 15:00
Saturdays - 07:00 - till late
Sundays - 09:00 - 14:00
MENU
Le Shank Breakfast
"Brekkie Roosterkoek"
Cheese Burger & Chips
Chicken Burger & Chips
Russians & Chips
Steak, Egg & Chips
Chicken Mayo Wrap & Chips
Toasted Sandwiches & Chips
Milkshakes
Tea & Coffee
Phone 078 455 7973


Besoek gerus die
Plaas Deli & Teetuin
ELKE WOENSDAG EN SATERDAG
Die Spyskaart verander weekliks
en word op verskeie advertensie groepe
adverteer op Dinsdae en Vrydae.
Die Deli verskaf plaaslike vervaardigde
produkte en bied ook nuwe
verskaffers ñ platform om van hulle produkte
uit te stal en te verkoop.
Die Plaas admosfeer is rustig en ontspanne.
Die Deli verskaf ook platters,
tuisgebakte brood en vars gebak
op bestelling.
Verjaarsdae partytjies en funksie kan ook op bespreking gereel word.
Tye: Woensdae 09:00 - 15:00
Saterdae 09:00 - 13:00
Ook oop op publieke vakansie dae soos
vooraf adverteer.
Waar: N11 plaas D57 Win A Way
Kontak nommer: Adri - 078 455 7973
Greetings Island


RATLOU BUILDING MATERIALS SUPPLIER
We offer the following Services:
• Sand
• All kinds of Brick's
• Mixed crush with sand
• Concrete
• Stones
• Drinking Water
• Ready made roof trusses
• Erection/Installation of Roof trusses
• Erection/Installation of Tile Roof
• Erection/Installation of Roof Sheeting
• We also provide ITC Certificates (Roof Trusses)
• We provide our own transport for all material needed
• We also do Civil Works
• We do computer labs, Alarms System, Air conditioners
• Plant Hire
ONE STOP SHOP
CONTACT:
063 732 0479/ 072 212 2638
Ratlou Bricks
072 212 2638


SLN Roofing
SLN Roofing and Construction Services
Stanley L. Ntuli
072 212 2638 | 065 805 5419
stanley@slnroofing.co.za | stanleyntuli@yahoo.co.za
We offer the following Services:
• Ready made roof trusses
• Erection/Installation of Roof trusses
• Erection/Installation of Tile Roof
• Erection/Installation of Roof Sheeting
• We also provide ITC Certificates (Roof Trusses)
• We provide our own transport for all material needed
• We also do Civil Works
• We do Computer labs, Alarms System, Air conditioners
• Plant Hire


Die Bossalon
Kom doen jou hare in die natuur, geniet terselfdertyd 'n perkuleer koffie in Bossalon blikbekers en ietsie ligs om te eet.
Nuutste haartegnieke soos byvoorbeeld 'oil slick hair' soos op foto.
Die Bossalon is oop op Woensdae Donderdae en Saterdae. Dinsdae en Vrydae is ek in Middelburg, jy is ook welkom as jy op daardie dae in die dorp is om my ook daar te besoek.
Annie Venter
0798914666


PENTAGON
SECURITY CONSULTANTS
SLEEP SOUNDLY WHILE WE STAND GUARD.
WE SUPPLY AND INSTALL ALARM SYSTEMS. CCTV
ALARM MONITORING AND RESPONSE
CALL US AND BOOK A OBLIGATION FREE APOINTMENT
CALL :
LEONARDUS VAN VREDEN
072-868-6519


Nails by Né
GEL
Gel Tips R180.00
Gel Manicure R170.00
Gel Overlay R160.00
Gel Toes R130.00
Gel Pedicure R170.00
ACRYLIC
Acrylic Overlay R160.00
Acrylic Tips R180.00
OTHER
Manicure Only R90.00
Fill R90.00
Repair R20.00
Pedicure Only R90.00
Soak R40.00
CONTACT DETAILS
Liné 076 059 4067
384 Klipspringer Kranspoort
Covid Protocol Adhered


Bekostigbare Dekordienste nou in Kranspoort
Eucalyptus
Ons doen al jou spesiale geleenthede: verjaarsdae, troues, spesiale geleenthede. Beste pryse aan Kranspoorters eienaars.
Kontak ons: Eland str 245
Piet en Alida Knoetze
082 2991218


Wietske Smit
Natuurlewe Kunstenaar
Skilderye van jou keuse, kontak Wietske
vir 'n kwotasie of besoek
haar webwerf en besigtig haar portefeulje.
Kontakbesonderhede:
Sel nr. 0730578221
Webwerf:
www.wietskesmit.co.za
Wietske Smit







BFD se advertensie